# WATERBERG ABRAKADABRA KUNSTEFEES



***Warmbad (alle afdelings): 15 Augustus 2011 – 31 Augustus 2011***
***Vaalwater (drama): 5 September 2011 – 9 September 2011***

***SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: 22 JUNIE 2011***

# ALGEMENE INLIGTINGSTUK

**Dit word deur die organiseerders aanvaar dat enige persoon wat inskryf en deelneem aan WAK 2011 kennis geneem het van alle voorskrifte en reëls soos in hierdie inligtingstuk vervat is.**

## A. ALGEMENE REëLS VIR DEELNAME

**1. WIE MAG DEELNEEM**

1.1 Deelname is oop vir alle amateurs.

1.2 Nie moedertaal-sprekers en spesiale deelnemers (deelnemers met gebreke wat van toepassing is op die kategorie waaraan deelgeneem word) kan in enige afdeling inskryf, maar moet asseblief op die inskrywingsvorm gemeld word.

1.3 Geen deelnemer mag in die plek van `n ander persoon deelneem nie.

1.4 Die organiseerders behou die reg voor om enige persoon, om watter grondige en billike rede ook al, deelname te weier.

**2. INSKRYWINGS**

Let asseblief op die voltooiing van die inskrywingsvorm vir verskillende tipes inskrywings.

Daar is Vorm A en Vorm B inskrywings en word as volg hanteer:

2.1 **Vorm A Inskrywing (A1+A2)**

Word voltooi vir <u>individuele inskrywings</u> nie van toepassing op groepe

2.2 **Vorm B Inskrywings (B1+B2)**

Word voltooi deur skole, instansies, sentrums, studios ens. Om afrigters en onderwysers se taak ligter te maak, sodat die volledige inskrywing nie vir elke leerder voltooi hoef te word nie.

2.3 **Groepsinskrywings**

Vir groepsinskrywings (kore, groepdanse, dramagroepe ens.) word vorm B1+B2 benut.

Aangesien een (1) sertifikaat per item uitgereik word moet u asseblief duidelik in die betrokke kolom aandui of `n sertifikaat vir elke groepslid benodig word (`n addisionele fooi van R6-00 per sertifikaat is dan betaalbaar saam met inskrywingsfooi). Al die lede in die groep se name moet dus op vorm B2 aangedui word.

**EEN B2 VORM PER GROEP ASB. MET DUIDELIKE AANDUIDING VAN GROEP SE NAAM EN SKOOL/INSTANSIE (INDIEN VAN TOEPASSING).**

2.4 Fotokopieë, fakse of e-posse van die amptelike inskrywingsvorm word aanvaar

2.5 `n Korrek voltooide inskrywingsvorm is van kardinale belang.

2.6 Waar 'n groep vir deelname inskryf (bv. kore, orkeste, tonele ens.) word slegs een vorm vir die hele groep gebruik.

2.7 Neem kennis dat die kunstefees ‘n Arikaans en Engelse afdeling het. Deelname in beide afdelings is toelaatbaar in elke kategorie. ‘n Deelnemer kan inskryf vir Stilstaande Poësie (Afrikaanse gedig) en “Recital” (Engelse gedig, maar slegs een inskrywing per kategorie in ‘n afdeling word toegelaat.

2.8 **<u>Korrekte spelling</u> van name en vanne op die inskrywingsvorm is noodsaaklik, aangesien die naam op die vorm die naam is wat op die sertifikaat gaan verskyn. Let wel dat sertifikate nie kosteloos heruitgereik sal word wanneer foute a.g.v. verkeerde spelling of foutiewe inligting op inskrywingsvorms ontstaan nie. Vul asb. die afdelings waarin deelgeneem word noukeurig in – foutiewe of onvolledige inligting veroorsaak onnodige verwarring en oponthoude.**

2.9 Inskrywings wat nie aan bovermelde vereistes voldoen nie, kan nie in aanmerking geneem word vir deelname nie.

**2.10 INSKRYWINGS SAL AS VOLG ONTVANG WORD:**

- Inskrywings sal ontvang word per faks, e-pos of harde kopie en moet organiseerders voor die sluitingsdatum bereik. Laat inskrywings as gevolg van geregverdigde reëlings sal deur die organiseerders oorweeg word teen ‘n addisionele koste van R25.00 per inskrywing.
- Alle inskrywings moet vergesel wees van betaling of `n betalingsbewys. Geen inskrywing sal in die program ingesluit word alvorens volle betaling ontvang is nie.
- Duidelik uiteengesit wees ten opsigte van kategorie, afdelings en ouderdomsgroepe.

| | |
|---|---|
| **Posadres:** | WAK<br>Posbus 85<br>BELA-BELA<br>0480 |
| **Straatadres:** | Stasiehuis no. 1<br>Potgieterstraat<br>Bela-Bela |

**BANK BESONDERHEDE:**

CMR WARMBAD
ABSA Bela Bela
Takkode: 334 – 447

**Rekeningnommer: 1330 230 343**

**Verwysing:**
- Skole Inskrywings: WAK '11 / Naam van instansie (bv. Skool/Studio) / inskrywing. *(bv. WAK'11/Laerskool Warmbad/Junior Spreekkoor)*
- Individuele inskrywings: WAK '11/Naam en van (van deelnemer)

## 3. SLUITINGSDATUMS

3.1 Die sluitingsdatum vir alle inskrywings is **22 Junie 2011**.
**Kuns** en **Skryfwerk** moet asb. voor of op **28 Julie 2011** by die CMR kantore ingedien word of soos vooraf met die organiseerders ooreengekom.

3.2 Alle inskrywingsgeld moet teen **18 Julie 2011** betaal wees.

3.3 **Inskrywings wat nie van `n bewys van betaling vergesel word nie sal nie in ag geneem word vir deelname nie.**

## 4. INSKRYWINGSFOOIE

4.1 Inskrywingsfooie is betaalbaar soos by elke afdeling aangedui in die betrokke inligtingstuk. Hierdie inligtingstukke asook die inskrywingsvorms word per e-pos / faks vir skole en ander betrokke partye aangestuur. Slegs waar e-pos fasiliteite nie beskikbaar is nie, kan sodanige skool/instansie 1 gedrukte inligtingstuk van die organiseerders aanvra. Addisionele inligtingstukke is by CMR Warmbad verkrygbaar teen R50.00 per eksemplaar.

4.2 Inskrywingsgeld is nie terugbetaalbaar in die geval waar die deelnemer laat of afwesig is of indien optrede gekanselleer word nie.

4.3 Inskrywings geskied op die amptelike inskrywingsvorms wat aan skole verskaf word en kan ook verkry word van:

- CMR Warmbad
  Posbus 85
  BELA-BELA
  0480

- **Tel:** 014-736-2557 / 2816
- **Faks:** 086 5244 605
- **E-pos:** **wak@cmrw.co.za**
- **Webtuiste:** cmrw.co.za

### 5. SERTIFIKATE

5.1 Een sertifikaat per item word deur die Waterberg Abrakadabra Kultuurfees organiseerders, aan die deelnemer of groep uitgereik.

5.2 Sertifikate aan individuele lede van 'n groep kan teen `n addisionele koste van R6,00 per sertifikaat van die organiseerders aangevra word (dui duidelik op Vorm B2 aan en voorsien groeplede se name).

5.3 Sertifikate sal op die perseel gedruk en uitgereik word. Versoeke vir her-uitdruk van sertifikate sal by die fees geneem word, maar sal eers by CMR kantore tussen 12 en 15 September 2011 uitgereik word. Geen sertifikaat sal tydens die fees herdruk word nie.

5.4 Heruitreiking van `n sertifikaat na afloop van die WAK as gevolg van foute op inskrywings of verlore sertifikate sal teen R20,00 per sertifikaat gedoen word.

## B. ALGEMENE REëLINGS TYDENS DIE WAK

### 1. TOEGANG BY OPTREDES

1.1 `n Houer vir donasies sal vir toegangfooie by die ingang beskikbaar wees.

1.2 Niemand word toegelaat om tydens `n item-afdeling die lokaal binne te kom of te verlaat nie.

1.3 Verseker dus dat u betyds is en nie eers opdaag wanneer `n afdeling reeds begin het nie.

### 2. VERLOOP TYDENS FEES

2.1 **Daar sal streng by die program gehou word**.

- Versoeke vir veranderinge kan alleenlik op die voorlopige program gedoen word**.**
- **GEEN** verandering sal aan die finale program gemaak word nie!

- Ons het begrip daarvoor dat onvoorsiene sport en ander aktiwiteite op kort kennisgewing kan voorval wat dan met deelnemer se WAK optrede bots. Dit is egter onregverdig teenoor ander deelnemers, ouers en onderwysers om deelnemers voor hulle in te skuif en die totale program omver te gooi. Dit bring mee dat die dag se program baie later as ooreengekom afsluit wat talle logistieke probleme tot gevolg het.
- Onderwysers, afrigters en ouers moet die organiseerders asb. in hierdie verband bystaan en nie onredelike eise in hierdie verband stel nie.

2.2 Alle deelnemers moet 15 minute voor die aanvang van 'n betrokke item-afdeling aankom.

## 3. BEOORDELING

3.1 Die organiseerders behou die reg voor om enige beoordelaar aan te stel in die plek van 'n beoordelaar wat as gevolg van onvoorsiene omstandighede nie die beoordeling kan behartig nie.

3.2 **Geen persoon mag direk voor, tydens of direk na optrede met 'n beoordelaar praat nie, behalwe die ampsdraers tydens die Kunstefees.**

3.3 Geen afrigters mag tafel- of beoordelaars-assistente tydens die WAK wees nie**.**

## 4. ORGANISEERDERSREGTE

4.1 Die organiseerders behou die reg voor om 'n item/kategorie te kanselleer indien daar genoegsame rede bestaan vir so 'n besluit.

4.2 In die vertolking van die algemene en besondere reëls, sal die beslissing van die organiseerders finaal wees.

4.3 Die organiseerders behou die reg voor om 'n beslissing te maak oor enige geskil wat oor 'n item-uitslag mag ontstaan. Die organiseerders se beslissing sal as finaal beskou word.

4.4 Alle navrae oor beoordeling en punte-toekennings moet **skriftelik** gerig word aan:
CMR Warmbad - WAK 2011
Posbus 85
Bela-Bela
0480
Geen persoonlike of telefoniese navrae sal hanteer word nie.

4.5 Dit word deur die organiseerders aanvaar dat enige persoon wat inskryf en deelneem aan WAK 2011 kennis geneem het van alle voorskrifte en reëls soos in hierdie inligtingstuk vervat is.

4.6 Hoewel die organiseerders poog om toe te sien dat veiligheid en die bewaring van inskrywings (kuns, skryfwerk en fotografie) geskied word geen verantwoordelikheid aanvaar vir beserings, verlies aan eiendom of die beskadiging van genoemde inskrywings nie.

## 5. ALGEMENE VOORSKRIFTE VIR AANBIEDING

5.1 Geen werke word voorgeskryf nie.
5.2 Die stof moet aanpas by die onderskeie ouderdomsgroepe.
5.3 Alle bronne moet met erkenning aan die skrywer, komponis ens. ingedien word.
N.B!! Die onus rus op die deelnemer om hom/haar te vergewis van die regsaspekte rakende besitreg. Vergewis u asb. ook van die wetlike aspekte met betrekking tot kopiereg van alle musiek-, sang- en drama stukke.
**Die organiseerders gee uitdruklik hier kennis dat geen onus in hierdie verband op die organiseerders rus nie en dat die organiseerders hul dus uitsluitlik en onvoorwaardelike vrywaar van enige regsaanspreeklikheid met betrekking tot kopiereg, outeursreg of enige ander vorm van besitreg.**
5.4 Let asseblief daarop dat 'n deelnemer/groep nadelig geraak sal word, indien die maksimum tydsbeperking oorskry word. Vergewis uself dus asb. van die tydsbeperkinge van elke item en afdeling.

## 6. TOEKENNINGSKRITERIA

**Kriteria van simbole is soos volg:**

| | | |
|---|---|---|
| Hoogste Lof | 95 - 100% | Goue seël met lint |
| A++ | 90 – 94 % | Goue seël |
| A+ | 85 – 89 % | Goue seël |
| A | 80 – 84 % | Goue seël |
| B+ | 75 – 79% | Silwer seël |
| B | 70 – 74 % | Silwer seël |
| C+ | 65 – 69 % | Rooi seël |
| C | 60 – 64 % | Rooi seël |

Die toekenning geskied direk na afloop van 'n bepaalde kategorie.
Geskrewe kommentaar word agterop die sertifikaat aangebring.

# C. SIEM-SALA-BIEM TOEKENNINGS

Die “Siem-sala-biem” toekennings word toegeken aan deelnemers wat uitsonderlike prestasies in die Kunstefees behaal het. Die wenners van die “Siem-sala-biem” trofeës word deur die beoordelaars aangewys op grond van sy/haar mening t.o.v. die beste deelnemer uit `n spesifieke groep/kategorie soos deur die organiseerders bepaal.

Hierdie toekennings gaan dus nie in alle gevalle toegeken word aan die deelnemer wat die hoogste punt behaal het nie, maar eerder aan die deelnemer wat die beste aanbieding in verskillende kriteria van sy/haar deelname openbaar het.

`n Trofeë word toegeken aan die wenner en medaljes aan die tweede en derde plek wenners. `n Tweede trofeë word in elke kategorie toegeken aan `n deelnemer wie hoë potensiaal toon.

**Slegs die beoordelaar het inspraak in hierdie keuse en die beoordelaar se besluit in hierdie verband is finaal.**

## D. NAVRAE

U is welkom om enige navrae te rig aan CMR Warmbad by:
Tel: (014) 736 2557 / 2816
Sel: 083 4888 430
Faks: 086 5244 605
E-pos: wak@cmrw.co.za

U word sterkte toegewens vir die voorbereiding van u deelnemers vir die
**Waterberg Abrakadabra Kunstefees 2011**